kategese '09

graad 7 – 10

Sondag 2 | 8 Februarie

VERLOSSING

Debrief

- Open die klas met gebed as leier.
- Doen iets vars en nuuts wat help dat die kinders bietjie mekaar beter kan leer ken.
- Recap op laasweek se gesprek oor Jesus se lewe.

Luister

- Elkeen in die klas moes die afgelope week die teks gelees het– Mat 27:45-56. Laat elkeen bietjie deel wat dit vir hulle beteken het.
- Lees die teks weer in die grootgroep.

Gesprek!

- Gesels oor Jesus se kruisiging – hoe het dit verloop, wat het aanleiding gegee daartoe en die dag self. "Reconstruct" met ander woorde eers die verhaal.
- Gesels nou bietjie oor die betekenis van Jesus se kruis. Verduidelik vir die kinders:
    - Die mens het gesondig in die tuin van Eden en so moes die Here regverdig bly deur die sonde te straf. Die sonde se loon is die dood.
    - Jesus het men's geword, sodat Hy as mens namens my en jou kon sterf (die straf vir die sonde het Hy op Hom geneem)
    - Hy het opgestaan en dus die dood oorwin sodat ons die Ewige Lewe kan kry.
- Verlossing beteken dus: [SONDE–VERLOSSING–DANKBAARHEID]
    - Ek is sondig en het Jesus nodig
    - Deur in Jesus te glo en Sy dissipel te word, aanvaar ek dat deurdat ek niks gedoen het nie, ek uit GENADE verlos is deur Jesus se kruisiging
    - Ek het dan vir altyd deel aan die Ewige Lewe en lewe nou uit dankbaarheid
- Verlossing is meer as dit: [SKEPPING–SONDE–VERLOSSING–DANKBAARHEID–HERSKEPPING]
    - Om al hoe meer te word wie jy aanvanklik geskep is om te wees
- Gesels oor bg (moenie preek nie!) Gebruik die volgende vrae:
    - Hoe weet jy jy is gered?
    - Wat beteken dit om gered te wees?
    - Kan ek met sekerheid sê ek is gered?

Wrap-up!

- Laat elkeen sê wat hulle vandag vasgemaak het oor Verlossing en Kruisiging
- Vertel vir hulle van volgende week se tema – SONDE
- Laat elkeen die week gaan dink oor wat is die 2-3 sondes waarmee hulle sukkel.
- Laat hulle twee-twee vir mekaar bid oor die gesprek se tema!